

Hervormers wat ons nie mag vergeet nie

J M van der Merwe
(UP)

ABSTRACT

Church Reformers we should not forget

On the fifth of November 1980, the Reformed Day Witness was published in Die Kerkbode by eight theologians of the Dutch Reformed Church. The Witness, as it became known, soon had storm clouds gathering in the church, because of its content. It was a wakeup call to the church about its prophetic call, its guidance to government and its role in reconciliation. Many ministers and members of the church supported The Witness while church leadership was mainly against it. In the end The Witness was silenced but the seed were sown. Many ministers and church members now knew that the Dutch Reformed Church had to take a new approach with regard to its prophetic call and its role in society. When we look back over what happened in the past seventeen years, history tells us that these men were prophets of their time, men that we must not forget.

1 INLEIDING

In Die Kerkbode van 5 November 1980 is 'n getuienis van agt teoloë van die Ned Geref Kerk gepubliseer wat die kerk binne dae in beroering gehad het¹. In die openbare media het berigte verskyn soos "Teoloë besorg oor kerk se onvermoë"²; "Teoloë stel saak oor Hervorming"³; en "Verligtes in Ned Geref Kerk seek new church"⁴.

Die akademici wat die getuienis wat amptelik bekend sou word as die Hervormingsdaggetuienis onderteken het, was C F A Borchartd, H J B Combrinck, B A Muller, W P Esterhuysen, J A Heyns, W D Jonker, H W Rossouw en A B du Toit.

Vandag, 17 jaar later kyk ons terug na die gebeure van 1980 met die sekere wete, dat hierdie manne profete en ware hervormers was wat ons nie mag vergeet nie omdat die geskiedenis sedertdien bewys het dat die koers wat hulle aangedui het, rigtinggewend was vir die pad wat die Ned Geref Kerk sou loop.

2 DIE AANLOOP TOT DIE GETUIENIS

Dat die Getuienis nie as 'n losstaande gebeurtenis beskou moet word nie, is belangrik. Dit is voorafgegaan deur 'n taamlike landswye gevoel van besorgdheid in Ned Geref Kerk-geledere⁵ oor die kerk se rol in die samelewing en sy roeping teenoor die owerheid. Een van die belangrikste gebeure wat waarskynlik die finale impuls tot die Getuienis was, was 'n moderatuurskonferensie van al die kerke van die Ned Geref Kerkfamilie wat in Maart 1980 in Pretoria plaasgevind het. Tydens die byeenkoms het afgevaardigdes ooreengekom dat 'n gesamentlike verklaring uitgereik sou word⁶ en dat afgevaardigdes hulle sou weerhou van individuele verklarings.

In die gesamentlike verklaring is ondermeer aandag aan die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet gegee. Die afgevaardigdes was van mening dat die kerk geen prinsipiële beswaar sal hê indien die staat hierdie wette in heroorweging wou neem nie⁷.

Die moderator van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, dr E P J Kleynhans het hierdie ooreenkoms verbreek toe hy op 12 Maart 1980 met SAUK-TV en daarna met die pers onderhoude gevoer het⁸. Dit het tot groot spanning in die Ned Geref Kerkfamilie gelei.

Die dagbestuur van die Kommissie vir Ekumeniese Aangeleenthede van die Algemene Sinode het die dagbestuur van die Breë Moderatuur versoek tot 'n dringende gesamentlike vergadering van al die moderature. Die versoek is egter afgewys⁹.

Hierdie gebeure het momentum verskaf aan 'n aksie wat reeds vroeg in 1980 begin is deur Proff J A Heyns en W D Jonker, om die "eendimensionaliteit" wat in die denke van die kerk teenwoordig was, te deurbreek. Daar is op spontane wyse besluit om toeloë van beide die fakulteite van die Ned Geref Kerk te betrek wat almal dieselfde standpunt gehuldig het¹⁰. Verskillende konsepte van wat elkeen in gedagte gehad het, is oor en weer aan mekaar gestuur totdat 'n konsep wat H W Rossouw opgestel het, die Getuienis sou word. Hierdie Getuienis moes so na as moontlik aan Hervormingsdag gepubliseer word omdat dit groot simboliese waarde sou hê.

3 DIE INHOUD VAN DIE GETUIENIS

Die Getuienis het uit drie gemotiveerde stellings bestaan:

In die gees van Hervormingsdag wil ons graag as gereformeerde gelowiges die volgende getuienis lewer:

1. Naas ons opregte dankbaarheid vir baie wat op die kerklike terrein gedoen en bereik is, spreek ons ons diepe besorgdheid uit oor die skynbare onvermoë van die geïstitutionaliseerde kerk in Suid-Afrika (a) om sy Godgegewe roeping van versoening op 'n betekenisvolle en geloofwaardige wyse te vervul in 'n situasie van toenemende spanning en polarisasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land; (b) om die owerheid en die samelewing met geestelike leiding te bedien deur 'n helder en eenstemmige getuienis omtrent die beloftes en eise van God se Koninkryk met betrekking tot die sosiale werklikheid; (c) om die onderlinge vervreemding en frontvorming tussen Christene te bekamp, en daarmee die verdeeldheid van die kerk teen die werk wat die geloof in die gemeenskap van die heiliges tot skande maak.

2. Met die nodige verootmoediging pleit ons as lede van die Ned Geref Kerk by alle medegelowiges en by alle ampsdraers wat in kerklike vergaderinge en liggame oor sake van beleid en optrede besluite moet neem, om met mekaar te besin oor en biddend te streef na:

(a) die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede en handelinge wat krenkende voorvalle veroorsaak en die boodskap van Gods versoenende genade ontkragtig;

(b) die solidariteit van die Christelike liefde met almal wat deur sosiale praktyke, ekonomiese wanverhoudinge en politieke maatreëls in omstandighede van verhelpbare lyding en nood gedompel word;

(c) 'n vorm van kerklike eenheid waarbinne die verbondenheid van gelowiges met dieselfde belydenis ook sigbare gestalte kan aanneem.

3. Ons is daarvan oortuig dat die Ned Geref Kerk langs hierdie weg saam met ander kerke 'n God-verheerlikende bydrae kan lewer

(a) tot die bevordering van wedersydse vertrouwe en aanvaarding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land, wat die onontbeerlike grondslag vorm vir 'n vreedsame samelewing;

(b) tot 'n dieper bewussyn van die eise van Gods Woord, in die lig waarvan owerheid en onderdaan geroepe is om die bestaande orde te hervorm, sodat aan elke mens die leefruimte gegun word waarin hy as beeldraer van God tot sy reg kan kom;

(c) tot die daadwerlike getuienis dat die bestaande groepsverskille tussen mense nie deur vooroordele, eiebelang en selfhandhawing tot 'n bron van botsing gedemoniseer hoef te word nie, maar deur die krag van Gods herskeppingsgenade juis ontgin kan word tot wedersydse verrykking en steun van mekaar in die één liggaam van Christus.

Opgestel en onderteken deur: C F A Borchardt, H J B Combrink, A B du Toit, W P Esterhuyse, J A Heyns, W D Jonker, B A Müller, H W Rossouw¹¹.

Uit die inhoud van die Getuienis word dit duidelik dat van die belangrike sake wat in 1960 reeds by die Cottesloe beraad bespreek is, hier weer op die tafel geplaas is¹². Die skynbare onvermoë van die kerk om sy roeping tot versoening te vervul, die plig van die kerk om sy lidmate en die staat van profetiese leiding te voorsien, die uitkakeling van alle vorme van rassisme en betoning van solidariteit met dié wat ly onder die huidige politieke stelsel, die onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar deur alle bevolkingsgroepe in die land, 'n dieper bewussyn van die eise van God se Woord en die uitkakeling van verdeeldheid en polarisasie het die roepstem van Cottesloe weer duidelik laat weerklink.

Dit was ook die mening van dr F T O'Brien Geldenhuys. Op Sondag 7 Desember 1980 bring Rapport onder die opskrif: "Agt teoloë se getuienis: Die Tweede Cottesloe"¹³. "Dit is die grootste gebeurtenis op kerklike gebied sedert Cottesloo twintig jaar gelede"; en verder: "Dr Geldenhuys het gesê dat die getuienis van die agt teoloë die belangrikste gebeurtenis na Cottesloe is omdat dit die groeiende onrus in duisende lidmate se harte oor drie kern probleme verwoord, naamlik: Die toenemende polarisasie tussen bevolkingsgroepe, die roepende nood vir maatskaplike en politieke hervorming en die oënskylike onvermoë van die kerk om hier die nodige leiding te gee"¹⁴.

Die blote feit dat hierdie Getuienis in dieselfde asem as Cottesloe genoem is, het verseker dat hewige reaksie sou volg.

4 REAKSIE OP DIE GETUIENIS

Die storm wat na die verskyning van die Getuienis losgebars het, was byna soortgelyk aan dié na Cottesloe. Hierin het die openbare media 'n groot rol gespeel en in byna al die dagblaaie het berigte verskyn onder opskrifte soos: "Keerpunt vir die kerk, of maar net nog 'n teologiese betoog"¹⁵; "Vreugde en twyfel in die NG kring"¹⁶; "Agt dink suiwer sê NG man"¹⁷; "Die getuienis is 'n visarendjie vir ons mense"¹⁸; "Getuienis moet volk wakker skud"¹⁹; "Trap fyn by die delikate sake, hoor NG teoloë"²⁰ en "Die getuienis geen teologie"²¹.

Uit die berigte en korrespondensie wat in briewekolomme verskyn het was dit duidelik dat daar 'n groot meningsverskil oor die Getuienis was. Gaandeweg het die verskille in 'n volskaalse pennestryd ontaard wat veral in die korrespondensiekolomme van *Die Kerkbode* gevoer is. Hier is dit sinvol om onderskeid te maak tussen positiewe en negatiewe reaksie.

4.1 Positiewe reaksie op die Getuienis

Een van die belangrikste persone wat hom ten gunste van die Getuienis uitgespreek het was prof David Bosch van die Universiteit van Suid-Afrika. Hy het ondermeer gesê: “as ’n mens ’n berg wil verwyder, moet jy klip vir klip wegdra. Hier was nou nog ’n klomp ouens wat ’n groot klip opgetel en weggedra het. Die berg sou regtig beweeg indien ’n hele sinode hierdie getuienis sou onderskryf. Dit sou op ons Suid Afrikaanse situasie die impak hê wat Barmen se belydenissinode in Hitler-Duitsland gehad het”²².

Verdere positiewe reaksie het vinnig gevolg. Ds Henno Cronje - direkteur van Inligting van die Ned Geref Kerk in Transvaal - het gesê: “die landsomstandighede en bevolkingsvraagstukke was dat die kerk sy sosiale roeping betyds nakom. Anders bestaan die gevaar dat sy werk deur nie-Christelike of kwasi-Christelike liggame oorgeneem kan word”²³. Hy het verder gesê dat niemand die opregtheid van hierdie teoloë se bedoelinge moes bevraagteken nie.

Steun vir die getuienis het vinnig gevolg. Op 31 Desember 1980 publiseer *Die Kerkbode* die name van nog 19 leraars wat die Getuienis onderskryf²⁴. In Januarie 1981 verskyn ’n verdere brief waarin 22 “voormalige studente van die kweekskool” die dosente bedank vir die Getuienis²⁵. Selfs gemeentes het deur kerkraadsbesluite hulle steun daaraan toegesê²⁶. Dit was egter opvallend dat die Ned Geref Kerk nêrens amptelik ’n woord ter ondersteuning van die Getuienis gerep het nie. Ondersteuners daarvan was óf individue óf groepe individuele predikante of gemeentes. Met reg kan die vraag gevra word of dit ’n aanduiding was dat die kerk nie geweet het hoe om die saak te hanteer nie of kon hy homself nie met die inhoud vereenselwig nie?

4.2 Negatiewe reaksie op die Getuienis

Uit die reaksie wat negatief was, is dit duidelik dat daar baie meer teenkanting as wat daar ondersteuning vir die Getuienis was. Predikante, lidmate, gemeentes, streeksinodes en *Die Kerkbode* het die agt teoloë skerp veroordeel.

Op 7 November reeds het dr Dirk Fourie, Aktuaris van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk die agt teoloë in *Beeld* met groot venyn aangeval²⁷. Hy het onder meer gesê: “Volkereverhoudinge is te delikaat en te ingewikkeld om allerlei swewende algemene raad oor te gee” en verder “sulke algemene getuienisse van professore raak nog kant nog

wal"²⁸. Alles moes in die stryd gewerp word om hierdie stem ten alle koste stil te maak.

Die ondertekenaars is ondermeer daarvan beskuldig dat hulle 'n drukgroep was wat die kerk wou aftakel²⁹ terwyl groepe leraars hulle ook skriftelik teen die Getuienis uitgespreek het³⁰. So skryf prof A D Pont, hoogleraar in Kerkgeskiedenis aan die Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria dat die Getuienis niks meer was "as 'n soort kerklike-godsdienstige verklaring van 'n klompie linkse Akademici nie". Hy het die Getuienis verder afgemaak as 'n pleitrede vir 'n ou dwaling, naamlik dié van integrasie³¹.

Die Kuratorium van die Ned Geref Kerk van die Universiteit van Pretoria het ook na afloop van 'n vergadering op 19 November 1980 'n amptelike brief aan die dosenteraad geskryf waarin gevra is dat teologiese dosente nie openbare verklarings moes maak wat wantroue in die kerk insinueer nie en ook nie sulke verklarings op georganiseerde wyse moes maak nie. Die vraag is ook gevra waarom die ordelike kerklike weg nie gevolg is nie³²?

5 'N GROOTSKAALSE STORM

Soos wat die stroom van kritiek gegroei het, het die storm wat rondom die Getuienis in die Ned Geref Kerk losgebars het, in omvang gegroei. Die feit dat verskillende groepe predikante en gemeentes die Getuienis ondersteun en verwerp het, het tot grootskaalse polarisasie gelei.

'n Dringende oproep uit die kantoor van die Algemene Sinode wat op 4 Februarie 1981 in *Die Kerkbode* gepubliseer is, het die erns van die situasie bevestig. In die verklaring is ondermeer gesê dat "die gebeure rondom die Getuienis nie mag lei tot broederstryd, polarisasie en groepvorming nie"³³. 'n Verklaring van die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode na afloop van sy vergadering op 10-11 Maart 1981 het gevolg waarin daar "tot verantwoordelikheid en kalmte" gemaak is³⁴.

Die spanning het egter verder verhoog toe 'n brief van ses en tagtig BDIII-studente van die Fakulteit Teologie (Afdeling B), Ned Geref Kerk, van die Universiteit van Pretoria op 20 Maart 1981 in *Beeld* gepubliseer is. Hierin het hulle die integriteit van die betrokke dosente bo verdenking geplaas³⁵. Hulle het ook die standpunt van hulle dosente ondersteun. Hierdie brief het tot groot ontevredenheid by die Ned Geref Kerkleiding gelei. Dit was waarvoor hulle gevrees het. Die invloed en die standpunt van die Getuienis het nou by die bron van teologiese opleiding inslag gevind. Wat die kerkleiding betref moes iets drasties gedoen word om hierdie storm te laat bedaar³⁶.

6 DIE AFLOOP

Die felheid van die storm het die Ned Geref Kerkleiding genoodsaak om iets te doen. Die wyse waarop lidmate, predikante en sinodale kommissies tot die stryd toetree het, was nie alleen die kerk nie waardig nie, maar is boonop deur die media uitgebuit en het die kerk groot skade berokken.

Dit was veral in die Transvaalse kerk waar daar groot probleme was³⁷. Die direkte gevolg hiervan was dat 'n vertroulike byeenkoms van alle Transvaalse predikante op Maandag 23 Maart 1981 by die Hartebeespoortdam naby Brits gehou is. Hier is gepoog om verskille op te los en versoening tussen die verskillende groepe te bewerkstellig. Die tema van die byeenkoms was: "Die uitdagings en rol van die predikant in die hedendaagse samelewing³⁸". Alhoewel die byeenkoms geslote was en geen verklaring na die byeenkoms uitgereik is nie, het inligting tog na die pers toe uitgelek³⁹.

Daaruit het dit geblyk dat die Getuienis ook hier venynig deur kerklikes aangeval is. Dr Dirk Fourie, voorsitter van die Suid-Transvaalse Sinodale Kommissie het ondermeer gesê: "die Getuienis van die agt het nêrens enige skriftuurlike grondslag nie, en die naam van Jesus Christus kom nie daarin voor nie". Aan die ander kant is prof J A Heyns minute lank deur sowat 540 predikante wat die byeenkoms bygewoon het, toegesê nadat hy die Getuienis verdedig het en geweier het om dit terug te trek⁴⁰.

In 'n berig wat op 1 April 1981 in *Die Kerkbode* verskyn het, het ds J E Potgieter, waarnemende voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie gesê: "Dit was 'n mooi dag vir die kerk, dat dit baie nodig was en dat onderlinge vertroue weer herstel is nadat reguit gepraat is⁴¹". Hiermee was die saak afgehandel.

7 DIE BETEKENIS VAN DIE GETUIENIS

Vra 'n mens na die betekenis van die Getuienis sewentien jaar later, sou met reg gesê kon word dat hierdie Getuienis 'n profetiese stem van 'n agtal ware hervormers was. Alhoewel die Getuienis wins- en verliespunte gehad het, kan die invloed daarvan op die Ned Geref Kerk nie gering geskat word nie. Verliespunte sou ondermeer 'n mate van vaagheid in die getuienis wees terwyl daar ook beweer is dat die korrekte kerklike kanale nie in die bekendmaking van die Getuienis gevolg is nie.

Die winspunte was egter veel meer. Hofmeyr het belangrike winspunte aangetoon. Hy het ondermeer gesê dat die gesprek wat deur die

Getuienis ontlok is, nie stilgemaak kon word nie. 'n Nuwe openheid het ontstaan wat verdere gesprek sou stimuleer. Die Getuienis sou nie as net nog 'n verklaring afgemaak kon word nie, maar sou 'n waterskeiding aan die begin van die jare tagtig word⁴².

Die venyn waarmee die ondertekenaars van die Getuienis aangeval is, het opnuut beklemtoon dat veel meer nodig sou wees om die eendimensionaliteit in die Ned Geref Kerk se denke te deurbreek, maar het juis die belangrikheid daarvan onderstreep. Dit was ook 'n barometer van wat sou volg indien die kerk sy beleid radikaal sou verander. Die geskiedenis het intussen geleer dat die aanduidings van hierdie barometer korrek was. Met die publikasie van *Kerk en Samelewing* het 'n groot aantal lidmate wat hulle nie daarmee kon vereenselwig nie, van die Ned Geref Kerk weggebreek om die Afrikaanse Protestantse Kerk te stig.

Vandag, sewentien jaar later is dit duidelik dat die Getuienis tog 'n saaidjie was wat gesaai is en wat gaandeweg sou ontkiem en sou groei om rigtinggewend in die denke van die Ned Geref Kerk te funksioneer. Dat baie predikante en lidmate reeds gereed was vir 'n koersverandering in die beleid van die Ned Geref Kerk kan afgelei word uit die reaksie van die Transvaalse predikante by die Hartebeespoortdambyeenkoms. Die rol wat hierdie agt teoloë gespeel het in die koerswysiging van die Ned Geref Kerk kan nie en mag nie vergeet word nie - Hulle was inderdaad Hervormers in eie reg!

NOTAS:

- 1 *The Citizen*, 21 Oktober 1986, 3.
- 2 *Die Burger*, 22 Oktober 1986, 1.
- 3 *The Citizen*, 23 Oktober 1986, 1.
- 4 *Die Vaderland*, 23 Oktober 1986, 1.
- 5 *The Star*, 23 Oktober 1986, 11.
- 6 *Die Transvaler*, 23 Oktober 1986, 18.
- 7 *Die Burger*, 23 Oktober 1986, 14.
- 8 *Die Volksblad*, 23 Oktober 1986, 14.
- 9 *The Star*, 22 Oktober 1986, 10.
- 10 *Pretoria News*, 22 Oktober 1986, 16.
- 11 *Die Burger*, 21 Oktober 1986, 11.
- 12 Tydens die Cottesloe beraad is daar ondermeer gesê dat die Ned Geref Kerk sy profetiese stem teenoor die staat duideliker moes laat hoor en dat sy rol in terme van die samelewing duideliker gekonkretiseer moes word.
- 13 *Die Afrikaner*, 29 Oktober 1986, 4.
- 14 *Die Burger*, 25 Oktober 1986, 1.
- 15 *Beeld*, 3 September 1983, 6.
- 16 *Ibid.*

- 17 *Ibid.*
18 *Rapport*, 16 November 1980, 26.
19 *Die Kerkbode*, 7 September 1983, 8.
20 *Die Kerkbode*, 21 September 1983, 8.
21 *Ibid.*
22 *Die Burger*, a w, 2.
23 *Die Vaderland*, 11 November 1986, 4.
24 *Die Vaderland*, a w, 4 en *Die Burger*, 11 November 1986, 2.
25 *Die Kerkbode*, 4 Februarie 1981, 8.
26 Agenda van die ASK van die Ned Geref Kerk, 18 en 19 Maart 1987, 8.
27 Agenda, 8.
28 *Beeld*, 7 November 1980, 4.
29 Agenda, 8.
30 *Rapport*, 30 November 1986, 1.
31 *Ibid.*
32 *Die Burger*, 29 November 1986, 2.
33 *Die Kerkbode*, 25 Maart 1987, 5.
34 Byvoegsel tot die agenda van die ASK van die Ned Geref Kerk, 22 Junie 1987.
35 Agenda van die ASK van die Ned Geref Kerk, 22 Junie 1987, 1.
36 *Byvoegsel*, agenda.
37 *Byvoegsel*, agenda.
38 Notule van die ASK van die Ned Geref Kerk, 22 Junie 1987, 1.
39 *Notule*, 2.
40 *Notule*, 7.
41 *Notule*, 7.
42 *Die Kerkbode*, 8 Oktober 1986, 8.